

**17 September**

**Jakobus 1:2-4**

**Wees bly onder beproewings**

Jakobus skrywe aan verspreidwonende gelowiges. Sy heel eerste op-drag aan hulle is: "Julle moet baie bly wees...!"

Om watter rede? Miskien oor een of ander goeie nuus? Of oor voor-spoed? Nee, juis as teëspoede oor jou spoel: "wanneer allerlei beproewings oor julle kom." Dit beteken mos allerlei vorme van swaarkry soos byvoorbeeld siekte, armoede, teëspoed, vervolging, dood in die familie, ensovoorts.

—, Wees bly as julle onder sulke dinge moet ly. Maar dit is mos on-moontlik! Totaal teenstrydig! Moet ek werklik bly wees "omdat" ek swaarkry? Nee, luister goed: nie "omdat" nie, maar "wanneer" dit oor jou kom.

En Jakobus motiveer sy opdrag.

Hy gaan daarvan uit dat ons as gelowiges weet dat God sodoende ons geloof toets. Hy wil seker maak ons sal in Hom bly glo as ons vervolging, pyn, gebrek, lyding moet deurstaan. Eers as ons geloof herhaaldelik sulke toetse kan deurstaan sal ons kan volhard in die geloof.

Maar geloofsvolharding is nog nie die eindpunt nie. As gelowiges moet ons vol-uit kan volhard, selfs as ons omstandighede versleg.

En Jakobus leer wat God se doel hiermee is, nl. "sodat julle tot volle geestelike rypheid kan kom sonder enige tekortkoming." God se heilige doel met jou en my moet mos ook ons ideaal en strewe wees.

Geestelike rypheid spel immers uit: insig, perspektief, balans, lewensgeluk! Bly daarom positief en geduldig onder beproewinge. Ja wees innig bly! Geestelike rypheid is God se doel met jou.

Sing Psalm 107:3

Ds. J.H. Viljoen (Pretoria-Noord)